

# Ester

## Koningin vir God

Louis Nel

# Koningin vir God

## 'n Reeks Oordenkinge Ester

Louis Nel

April 2020

Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


Koningin vir God

Ahasveros

Koningin Vasti se Opstand

Koning soek Vrou

Die Onderhoud

Skoonheidskoningin

Sluipmoordpoging

Buig voor Haman!

Haman se Wraak

Ester se Opdrag

Ester op die Rooi Tapyt

Ester se Troefkaart

Haman Loop sy Rieme Styf

Haman se Galg

Redding is in Sig

Van Vrees na Vreugde

# Koningin vir God

## Inleiding tot die Boek Ester

Oor die boek Ester is daar ‘n verdeeldheid onder teoloë. By sommige gelowiges is daar selfs half ‘n ongemaklikheid daaroor. Hoort hierdie boek werklik in die Bybel?

Dit wil in die eerste plek so al lyk asof Ester spesiaal geskryf is om Joodse Nasionalisme ‘n hupstoot te gee. Boonop wil dit voorkom asof die boek maar bitter min met geloof te doen het. Om die waarheid te sê, kom die Naam van die Here nie ‘n enkele keer iewers in die boek voor nie! In die 1983 vertaling word die Naam van die Here wel in Ester 9:31 genoem, maar eintlik is dit net geïmpliseer, want dit staan nie werklik direk so in die grondteks nie.

Sommige teoloë is ook skepties oor Ester nie daar was toe die Koemraan rolle ontdek is nie. Dit was die enigste boek wat nie tussen die waardevolle geskrifte was nie. Waarom? Beteken dit nie dalk dat Ester nie in die Bybel hoort nie?

Ten spyte van al hierdie argumente is dit

nogtans uiters belangrik dat Ester deel van die Bybel moet wees. Die boek speel ‘n geweldige belangrike rol in die Joodse geskiedenis en hulle belewenis van feeste. Wanneer Ester en Mordegai vir die Joodse volk redding bewerkstellig, word die Purim Fees ingestel as herdenking van die gebeure. Dit word steeds vandag gedurende Maartmaand gevier.

Só belangrik is die gebeure vir die Jode, dat hulle die Hebreeuse naam vir Ester, Hadassah, aan hulle belangrike geboue en instellings koppel. Ester is vir elke opregte Joodse meisie ‘n ware rolmodel!

Maar is hierdie boek enigsins vir ons vandag vir ons as Christene van waarde? Is dit nie vir ons vandag maar net ‘n mooi storie nie?

Ester is ook vir ons as Christen-gelowiges belangrik, want die boodskap wat die verhaal uitstraal is ‘n motivering vir elke gelowige. En al word God se Naam nie pertinent genoem nie, sien ons steeds Sy almag regdeur die verhaal. Ons staan verstom wanneer ons hier weereens sien hoe God beheer het oor

selfs wêreldgebeure en magtige leiers en selfs konings. Waar dinge soms totaal onmoontlik lyk, moet ons toekyk hoedat Hy die onmoontlike regkry. Dit is nie deur asemrowende wonderwerke wat God hier werk nie, maar Hy gebruik doodgewone mense. Hy gebruik ‘n ou Jood wat uit sy land verban is en iewers ver in die vreemde, weg van al sy vriende en familie in ballingskap sit in ‘n heidense land waar afgode aanbid word. God gebruik ’n weeskind wat absoluut géén status in die lewe het nie, ’n jong meisie wat deur haar oom grootgemaak is. Hierdie eenvoudige mense gebruik die Here om Sy doel te bereik. Met sulke niksseggende mense vermag Hy die onmoontlike.

Die boodskap vir ons vandag is dat Hy steeds die gewone mense gebruik om dikwels onmoontlike take te verrig.

Die boodskap van Ester vir ons vandag, is dat ons as gelowiges dikwels bedreig voel wanneer ons verswelg word deur die dinge wat rondom ons gebeur. Toe die Kovid 19 virus ons tref, het al ons moed in ons skoene

gesak. En toe grendeltyd deur die president aangekondig word, is ons geskok en verslae. Wat gaan ons doen?

Dit is in sulke tye dat ons dan bereid moet wees om die verantwoordelikheid te aanvaar wat God op ons skouers lê. Dit is dán wanneer ons in volle afhanklikheid van God kreatief moet begin dink. Ons moet ons oorgee aan die leiding van die Heilige Gees, en dan doen wat Hy van ons vra. As ons maar net bereid is, is Hy getrou en sal Hy vir ons die wysheid en krag gee deur die Heilige Gees om Sy wonder uit te voer. Daar het juis in hierdie grendeltyd wonderlike inisiatiewe die lig gesien.

Maar daar is ‘n derde rede waarom Ester in die Bybel is: die Heilige Gees het destyds die samestellers van die Bybel gelei om ook Ester deel van die Bybel te maak. En daarby berus ek my sonder om verdere vrae oor die onderwerp te vra.  Wie is ek om Sy besluit te bevraagteken?

Die verhaal van Ester speel af tydens die ballingskap, ongeveer 480 vC. In hierdie

tydperk word die grootste gedeelte van die Ou Testament op skrif gestel - selfs boeke soos Genesis het hier finaal hulle beslag gekry.

Ester is egter eers finaal verwerk en op skrif gestel in die tydperk van die Makabeërs in die tweede eeu vC. Dit was waarskynlik die laaste boek wat in die Joodse kanon ingevoeg is. Dit is dan waarskynlik ook die rede waarom Ester die enigste boek uit die Ou Testament was wat nie tussen die Koemraan rolle gevind is nie. Hierdie gemeenskap het waarskynlik nog nie Ester as deel van die Ou Testament gebruik nie, dit het eers ná hulle tyd werklik deel van die kanon geword.

Vandag is Ester ‘n opwindende en inspirerende boek om te lees. Ek wil jou uitnooi om dit saam met my te geniet.

Gebed:

Here, Ester is só 'n inspirasie vir elke gelowige. Dankie daarvoor, en maak asseblief my oë oop sodat ek U boodskap vir my daarin sal raaksien.

# Ahasveros
## Ester 1:1-8

Dit is die jaar 484 vC. Op die troon van die magtige Persiese Ryk sit die flambojante Koning Ahasveros, ook bekend as Xerxes 1. Dit is nou reeds sy derde jaar op die troon. Sedert die dinamiese koning Sirus die Grote 70 jaar tevore die troon van Persië bestyg het, het die ryk net teen ‘n angswekkende tempo uitgebrei totdat dit uiteindelik die wêreldryk van sy tyd geword het. Die ryk strek van Griekeland, reg om die Middellandse See tot by Egipte  en grens aan Indië in die ooste - waarlik ‘n magtige ryk! Ahasveros is nou al die vyfde koning wat sy sit kry op daardie gesogte troon in die hoofstad Susan.

In die eerste toneel van ons verhaal sien ons vir Ahasveros in al sy prag en praal. Vir ‘n volle ses maande lank word die stad opgetooi tot ‘n wonderwêreld van kleur en rykdom. Spierwit en bloedrooi linnedoeke word aan marmer pilare gedrapeer, versier en vasgemaak met pers linnetoue aan silwer

ringe. Silwer en goue rusbanke versier die plaveisel - natuurlik géén vaal ou gewone plaveisel nie! Dit is kunstig uitgelê, en gekap uit verskillende soorte kosbare klip. Hier word voorberei vir ‘n fees van astronomiese omvang.

Die hoogtepunt van die fees is ‘n weeklange onthaal. Daar word géén koste en moeite ontsien nie. Wyn is daar in oorvloed, natuurlik slegs die heel beste vir die magtigste koning op aarde. En natuurlik word dit bedien in goue bekers wat spesiaal vir die geleentheid ontwerp is. Almal wat saakmaak is daar, al die hoë amptenare uit die Persiese ryk. En natuurlik is dit nie net die manne wat bederf word nie. Elders is Koningin Vasti besig om haar eie ding te doen. Sy onthaal al die invloedryke vroue van die Persiese Ryk.

En die koning is baie vrolik, want die geselskap is goed en die wyn nog beter! ‘n Joviale losbol, hierdie gemoedelike koning wat so vryelik sy deure oopgooi vir al sy vername onderdane. Géén moeite word ontsien om hulle gelukkig te maak nie. En

natuurlik om hulle guns te wen! Die paleisbediendes kry opdrag om sy gaste soos konings te behandel. Na al hulle wense moet omgesien word.

Gemoedelik, vrolik, vrygewig en joviaal, dis Ahasveros! Maar wees maar versigtig vir hom, moenie hierdie man op sy baadjie takseer nie. Hy is ‘n bitter gevaarlike man! Jy moenie in sy verkeerde boekies kom nie, want jy gaan beslis tweedebeste daarvan afkom! Boonop leen hy baie maklik sy ore uit aan ander invloedryke manne. Onwetend laat hy toe dat slinkse manne hom manipuleer, en dan vang hy dinge aan wat jou hare laat regop staan!

En dan is daar Ester, die beeldskone vroulike hoofrol in ons verhaal. Op die harde manier leer sy van haar verantwoordelikheid en om beheer te neem van ‘n situasie, selfs in die aangesig van die dood. As vrou sonder status of seggenskap, neem sy haar posisie in in ‘n wêreld gedomineer deur die magstrukture van mans. Soos ‘n Moses van ouds lei sy haar onderdrukte volk uit die

verdrukking. Deur haar sagte woorde verander sy die gang van die geskiedenis. Dan is dit eintlik hierdie brose, sagte vrou wat in werklikheid die septer swaai in die koninkryk van hierdie gevaarlike koning Ahasveros.

Maar nou loop ek mos my storie ver vooruit......

Ons besef maar al te deeglik dat diegene met die leisels in die hand, die regeerders, mag het oor ander mense. Daagliks kry ons daarmee te doen. Die magsbehepte verkeersman wat die lewe vir jou bitter moeilik maak. En as hy boonop ‘n korrupte streep het, kan hy jou dalk selfs afpers om die verkeerde ding te doen. Dit is veral die groot leiers in Afrika wat ‘n geweldige mag het oor hulle onderdane. Selfs al stem hulle gladnie saam met sy beleid nie, sal hulle hom steeds volg tot die dood toe, omdat hy so ‘n geweldige houvas op hulle het.

Ons hele lewe word beheer deur wette en regulasies - sommige waarmee ons gladnie eers saamstem nie. Dikwels word daar wette

gemaak wat gelowiges dwars teen die bors stuit. Dink maar aan die aborsiewet. Die vraag is, hoe hanteer ek dit? Goeie wette is tot almal se voordeel, maar hoe gemaak met wette wat nie tot eer van God is nie, of wat vir baie mense ‘n nadeel inhou? Wat maak ek en jy met sulke wette?

Jesus het ons geleer dat daar sekere dinge is waaraan jy nie gaan torring nie, al lyk hulle dalk vir jou bitter onregverdig. As die bombastiese soldaat met die mag in sy hand vir jou sê om sy pak ‘n myl ver te dra, dan doen jy dit met ‘n glimlag - bied selfs aan om dit twee myl ver te dra. En as die keiser sê dat jy belasting moet betaal, dan betaal jy sonder ‘n bohaai, al is hy ‘n heiden wat afgode aanbid.

Deur protesaksies en petisies en stakings jaag jy net die owerhede die harnas in. Selfs drastiese stappe soos ‘n eetstaking gee die manne net rede om jou te bespot en uit te lag.

Kom kyk saam met my hoe Ester ‘n netelige saak benader het. Die lewe van baie mense

was op die spel, maar sy het ‘n plan gehad!

**Gebed:**

**Here, dankie vir die mooi verhaal van Ester, en dat ek daaruit kan leer.**

# Koningin Vasti se Opstand

# Ester 1:9-22

Die sosiale status van vroue was deur die eeue nog altyd vir hulle ‘n groot uitdaging. Dikwels is sy bloot as eiendom van haar man beskou en moes maak soos haar man sê. In Moslemlande het vroue absoluut géén regte nie. Kinders het dikwels dieselfde lot, en hulle word geminag.

In die koninkryk van Persië was dit daardie tyd geensins anders nie. Een vrou het egter haar voet neergesit - Koningin Vasti. Toe Ahasveros sy groot fees slegs vir manne hou, besluit sy om haar eie fees te hou vir al die vername vrouens, aangesien al die vrouens uitgesluit was.

Vasti was ‘n beeldskone vrou! Maar sulke uitsonderlike skoonheid het dikwels ook sy nadele. Kyk maar hoe word die mooiste meisies dikwels misbruik, soos skoudiere geparadeer!

En dit was presies Vasti se lot. Koning Ahasveros was baie vrolik van al die wyn, en hy wou darem ook ‘n bietjie spog met sy

beeldskone vrou. Hy stuur paleisbeamptes om vir Vasti te gaan haal sodat sy voor die manne kon kom paradeer, volgens latere Joodse geskrifte sonder klere, met slegs die kroon op haar kop! Sy moes vir al die dronk manne kom wys hoe mooi Ahasveros se vrou is. Sy was dus maar net nóg een van die skatte van Ahasveros se prag en praal wat uitgestal moes word vir die wêreld om te sien hoe magtig hy was.

Wanneer Vasti hierdie boodskap kry, is sy die elegante gasvrou by haar eie onthaal. Talle vooraanstaande vroue sit daar by haar glansryke feesgeleentheid. Wat ‘n vernedering om nou voor almal aangesê te word dat sy voor die honger oë van ’n klomp dronk mans soos ‘n goedkoop straatvrou uitgestal moes word!

Koningin Vasti kom voor ‘n baie moeilike besluit te staan. Swig sy voor haar man se magsmisbruik, dan maak sy haarself goedkoop. Weier sy, dan verloor sy alles, haar aansien, haar status, dalk selfs haar lewe. Sy besluit om eerder alles te verloor as

om haarself goedkoop te laat maak. Dus weier sy om die magtige koning Ahasveros se bevel uit te voer.

Wanneer die paleisbeamptes met leë hande by Ahasveros aankom, is hy woedend. Hoe kon sy vrou sy bevele minag? Vir hom was dit sékerlik ‘n verskriklike verleentheid! Al die vername manne sit gereed om die skouspel te aanskou, en nou kom en verongeluk Vasti alles. Hy roep sy raadgewers nader: “Wat moet ek doen?”

Dan tree een van die slim raadgewers na vore. Hy verduidelik omslagtig dat hierdie saak eintlik baie groter is as wat die koning dink. “Eintlik sit ons hier met ‘n enorme staatskrisis op hande!” beduie hy. Hy begin ‘n prentjie skilder van hoe daardie vooraanstaande vroue by Vasti by hulle mans gaan skinder oor wat daar gebeur het. Hierdie storie gaan soos ‘n veldbrand dwarsdeur die hele koninkryk versprei. “Majesteit, dink net watter krisis dit nou gaan veroorsaak, want as die koning se vrou nie eers vir hom wil luister nie, wat dan van al die

ander vrouens? Dit gaan ‘n reuse krisis veroorsaak oor die lengte en breedte van die Persiese Ryk, want géén vrou gaan ooit weer haar man gehoorsaam nie. Hierdie krisis moet nou onmiddellik in die kiem gesmoor word voordat dit hééltemal te laat is!”

En so word een vrou se wens om nie misbruik te word nie opgeblaas tot ‘n reuse katastrofe.

Die feit is egter dat die gesag van die koning uitgedaag word deur sy eie vrou. Ná al sy magsvertoon, weier sy vrou om na hom te luister. Wat sê dit oor sy mag oor die wêreld? Dit maak hom belaglik voor sy onderdane! Hoe moet iemand wat nie eers die mag in sy eie huis kan hanteer nie, staatsmag hanteer oor ‘n koninkryk wat strek van Griekeland tot Indië? Daardie groot mag van hom word deur Vasti ontmasker as ‘n klug! Sy groot mag is net ‘n leë dop!

Om die verskriklike krisis te probeer beredder, word Ahasveros deur sy raadgewers voorgesê om van Vasti ontslae te raak. Sy durf nie langer as Koningin van

hierdie koninkryk dien nie! Sy moes vervang word deur iemand anders wat haar dalk beter sou gedra. Hy word verder versoek (eintlik aangesê) om ‘n koninklike dekreet uit te vaardig wat regdeur die wêreld gestuur moes word, wat verklaar dat elke man nou baas is in sy eie huis. Hoe absurd!

Nou vra ek jou: wie het nou eintlik die mag gehad in Persië? Die koning?

Dit wil nie vir my so lyk nie! Hy was net ‘n pion in sy amptenare se hand! Boonop kon hy nie eers sy eie huis beheer nie. Wat dan van die amptenare? Het hulle al die mag gehad? Op die oog af wil dit so lyk. Maar lees ons die verhaal verder, dan sien ons dat dit eintlik God was wat in volle beheer was van die situasie. Hy was besig om dinge in plek te laat val sodat Sy verdrukte volk 'n uitkoms kon kry. God gebruik juis hierdie mense se magsbeheptheid om Sy raadsplan te laat uitwerk.

Weet dus dat selfs wanneer korrupsie en magsmisbruik seëvier, ons steeds in God kan vertrou. God is in volle beheer!

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek vandag kan weet dat U steeds in beheer is, al voel dit soms of alles verkeerd loop.**

# Koning soek Vrou
# Ester 2:1-7

Koning Ahasveros is soos ‘n beer met ‘n seer kop. Het hy fout gemaak om na sy “slim” amptenare se raad te luister? Vier jaar nou al sit hy sonder sy vrou sedert daardie rampspoedige partytjie toe hy vir Vasti die huis uitgejaag het. En nou verlang hy na haar! Die ergste is dat hy niks aan die saak kan doen nie! Dis gedane sake! Geskryf in die wetboek van die Meders en Perse. O ja, hy hét hom bloedig vir haar vererg toe sy nie wou pronk voor die manne nie. Maar hy moes nie sy ore uitleen vir sy amptenare se raad nie. Hy luister altyd na hulle raad! Vasti, liewe Vasti - waarom moet die lewe so wreed wees? Hy wens so dat hy haar net weer in sy arms kan vashou........

In die hofsale van koning Ahasveros se paleis is die amptenare bitter bekommerd. Dit is nou al maande lank wat die koning net daar sit en homself bejammer. “As ons nie baie gou iets doen nie, gaan ons koninkryk ten gronde!” fluister die manne vir mekaar.

“Wat gaan ons maak om weer die ou vrolikheid op sy gesig te kry?”

“Ons het jare laas ‘n behoorlike fees gehad. Ahasveros is deesdae ‘n regte ou suurknol!”

“Kan ons nie weer vir Vasti terug kry nie?” wil een weet.

“Nooit! Vasti is geskiedenis - as ons haar terugbring in die prentjie gaan ons soos ‘n spul gekke lyk.”

“Die groot geheim is dat ons dringend ‘n nuwe jong vrou in die koning se lewe moet inbring. Die probleem is net: hoe maak ons om iemand te kry wat na sy smaak is?”

“’n Skoonheidskompetisie!”

“En dan? Wat gaan jy daarmee bereik?”

“Die ding werk so: ons stel manne regdeur die koninkryk aan om die mooiste meisies te soek, en dan moet die koning vir hom een uit die bondel kies. Eenvoudig!”

En so kom staan ‘n afvaardiging van paleisbeamptes voor koning Ahasveros. Hulle verduidelik dat hy dringend ‘n vrou in sy lewe nodig het. Hulle sal vir hom die héél

mooiste vroue in die koninkryk gaan soek, dan kan hy vir hom een kies.

Sommer dadelik is Ahasveros in sy noppies met die idee. “Waarom kon ek nie sélf aan so ‘n briljante idee dink nie?” wonder hy in sy stilligheid. “Begin sommer dadelik!” por hy die amptenare aan. “Kan ek môre al die eerste meisies sien?” Hy is nou soos ‘n klein seuntjie wat nie kan wág om sy presente te kry nie.

“Nee Majesteit, ongelukkig kan dit nie so werk nie, want dis nie só maklik nie! Dit gaan ‘n lang proses wees, want daar sal eers manne aangestel moet word, en dit gaan maande neem om almal georganiseer te kry. ‘n Regering het mos maar altyd ‘n klomp rompslomp! En dan werk jy boonop met rou materiaal. Hierdie meisies moet eers voorberei word vir die paleis. Hulle sal almal op ‘n streng dieet moet gaan en allerhande soorte skoonheidsbehandeling kry voordat hulle goed genoeg sal wees vir die koninklike hof. Die eerstes sal eers oor ‘n jaar gereed wees!” En so word die héél eerste Mej.

Wêreld kompetisie geloods.

Ahasveros is skoon depressief! Hy was nog altyd gewoond dat hy dadelik absoluut alles kry wat sy hart begeer. En nou moet hy wag! Sy amptenare maak nie reg met hom nie.......

Ons toneel verskuif nou na ‘n totaal ander situasie, in ‘n armoedige huisie, dié van die Jood, Mordegai. Hy is destyds in ballingskap weggevoer uit sy geliefde vaderland. Nou sit hy in die vreemde, tussen vreemde mense en onder ’n vreemde koning, sonder ‘n huis en sonder ‘n land. Maar hy het darem nog een groot vreugde in sy lewe oor, die pragtige meisie na wie hy omsien. Sy is nie net mooi nie - sy is sommer báie mooi! Sy laat al die jong manne se koppe draai, en Mordegai is baie trots op hierdie mooi meisiekind. Hadassa, oftewel Ester, ‘n weeskind, se ouers is albei dood, en Mordegai het die taak gekry om haar groot te maak. Hy het haar aangeneem as sy eie dogter. Ester is voorwaar ‘n dogter om op trots te wees!

Die nuus van die groot skoonheidskompetisie

bereik ook Mordegai se ore. Sou sy beeldskone meisiekind dalk ‘n kans staan om in hierdie kompetisie te kan deelneem? Maar dan besef hy dat hulle mos Jode is, en ‘n Jood het g’n status in hierdie vreemde land nie. Dit is dus vir Mordegai ‘n groot verrassing as die kompetisie-amptenaar vir Ester raaksien. Sy is dadelik baie opgewonde, maar wat gaan Pa Mordegai hiervan sê?

Wanneer sy vir Mordegai vertel dat sy ontbied is na Susan vir die kompetisie, kan hy nie sy opgewondenheid beteuel nie. Maar dan raak hy ernstig: “Ester my kind, jy moet altyd onthou waar jou wortels is. Onthou: jy is deel van die volk van God. Maar jy mag vir niemand vertel dat jy ‘n Israeliet is nie, want dit sal jou beslis benadeel.”

En so vertrek Ester na die glansryke stad Susan. Wat sal alles daar op haar wag?

Gebed:

Here, U het ‘n wonderlike plan vir Ester se lewe gehad. Ek weet ook dat U ‘n wonderlike plan vir my lewe het. Hou my asseblief altyd

bewus daarvan.

# Die Onderhoud
# Ester 2:8-10

Ester se mond hang onbeskaamd oop wanneer sy die stad Susan binnestap. Oral waar sy kyk staan daar groepies jong meisies rond, almal haar ouderdom. En die een wil mooier wees as die ander! Wanneer sy egter vriendelik groet, kom sy agter dat niemand haar verstaan nie! Almal praat verskillende tale. Die meisies hier bymekaar is van regoor die wêreld vir die groot skoonheidskompetisie. Sy word aangepor deur die amptenaar in die rigting van ‘n groot gebou. Alles is so mooi versier, die kunstige klipwerk is pynlik netjies. Oral is dit net marmer en goud, en waar sy ookal kyk pryk die mooiste beeldhouwerke. Maar dit is eers wanneer die reuse swaar deure aan hulle kunstige koperskarniere oopswaai, wat sy die wáre skoonheid van die gebou sien. Sy snak na haar asem. Silwer kandelare met olielampe verlig die kollosale vertrek met sy marmervloere en rye beeldhouwerke. “So dit is dan hoe die koning se paleis lyk!” In haar

wildste drome kon Ester nie vir haar so ‘n asemrowende prentjie voorstel nie.

Hulle stap deur eindelose gange tot hulle te staan kom voor ‘n swaar deur met twee wagte wat die ingang bewaak. In ‘n weelderige vertrek sit ‘n man druk besig agter sy lessenaar. Die amptenaar maak senuweeagtig keel skoon om die man se aandag te trek. As hy opkyk buig die amptenaar diep. “Dit is Hadassa” kondig hy aan.

Die man agter die lessenaar kyk gesteurd na Ester, en dan vorm daar ‘n glimlag op sy gesig - ‘n glimlag van totale waardering. “Waar het jy haar gekry?” wil hy weet, “Sy is mooi, báie mooi!”

As Ester nie so bang was vir hierdie man nie, het sy uitgebars van die lag. Sy het nog nooit in haar lewe ‘n man gehoor praat met so ‘n hoë stemmetjie nie!

“Hadassa? Kom nader dat ek mooi kan sien. Ek is Hegai. Al die koning se vrouens is onder my sorg.” Hegai bekyk Ester van alle kante af, voel hier, druk daar, totdat sy later

voel soos ‘n skaap op die mark wat deur sy kopers geïnspekteer word. “Hmm, niks wat ‘n bietjie olietjies en kruie nie kan regmaak nie. Vat haar na die vrouekwartiere toe, sy is beslis ‘n baie goeie kandidaat!”

Wanneer hulle die gang afstap wil Ester weet: “Wat makeer Hegai dat hy so snaaks praat?”

“Hy moes ‘n duur prys betaal om hierdie aanstelling te kry,” verduidelik die amptenaar. “Om in beheer van die koning se vrouens te wees, moes hy eers onskadelik gestel word, as mens dit so kan stel. Hy is nou ‘n Eunog.” Die amptenaar skud sy kop meewarig.

Ester ril by die blote gedagte, maar dan is hulle alweer voor reuse, swaarbewaakte deure. Daar mag die amptenaar nie ingaan nie, en Ester word in die sorg geplaas van ‘n vrou wat baie belangrik lyk.

Daar is ‘n klomp vrouens bymekaar in ‘n groot vertrek, en almal lyk asof hulle niks te doen het nie. Alle oë is gerig op Ester, en skielik voel sy verskriklik selfbewus. Dan breek een van die jong meisies die ys as sy

opstaan en haarself aan Ester kom voorstel en haar welkom heet. “Wie is jy, en waar kom jy vandaan?” wil die meisie weet.

“Hadassa,” sê sy, en dan begin sy vertel: “Ek is ‘n Israeliet, een van die Volk van God,” wil sy trots vir die meisie vertel, maar net betyds onthou sy wat Pa Mordegai gesê het, dat sy vir niemand moet sê wat haar herkoms is nie.

Die volgende oggend word Ester vroeg-vroeg wakkergeskud: “Die matrone soek jou!” word sy meegedeel. Wanneer sy in die vertrek instap, wag daar nie minder nie as sewe vroue vir haar, almal geklee in die netjiese uniform van paleisbediendes. “Húlle gaan jou van nou af versorg,” deel die matrone haar mee. “Jy’s ‘n baie bevoorregte meisie, jy word nou verskuif na die beste kwartiere. Ou Hegai moet báie van jou hou as jy sulke behandeling kry!”

Haar nuwe kwartiere is luuks verby. Maar Ester het skaars tyd om haar te vergaap aan al die mooi, want sy moet sommer dadelik begin met haar eerste skoonheidsbehandeling. “Hegai se bevele!”

lig die diensmeisies haar in. Sy word van kop tot tone gemasseer met mirre-olie. Nog nooit in haar lewe het Ester so spesiaal gevoel nie. Die heerlike geur van die olie vul die hele vertrek, ‘n geur amper soos mos. Sy kan eintlik voel hoe die olie haar soepel vel nog meer ferm maak.

Daardie aand bid Ester tot die God van haar voorvaders, en sy sê dankie dat Hy haar so bederf. Dit is nie lekker om ‘n balling te wees in ‘n vreemde land nie, maar nou kry sy so ‘n wonderlike behandeling. “Here, wat het ek gedoen om dit te verdien? Dit is net U genade alleen. Al is ek hier alleen tussen al die heidense meisies, weet ek dat U steeds God is. Ek sal U nooit vergeet nie Here, en ek sal my volk - U volk - ook nooit vergeet nie. Help my asseblief om U altyd in my gedagtes te hê.”

**Gebed:**

**Here, wanneer dit met ons goed gaan, is dit so maklik om van U te vergeet. Hou my asseblief elke oomblik van die dag gefokus op U sodat ek U nooit vergeet**

**nie.**

# Skoonheidskoningin
## Ester 2:11-19

Mordegai se lewe word gekenmerk deur verskeie krisisse, party van hulle sommer baie groot. Waarom moet hy, ‘n dood eenvoudige Jood, getrou aan sy Joodse tradisie, deur soveel trauma gaan? Alles het begin toe hy teen sy wil weggevoer is uit sy geliefde vaderland. Sy wortels is wreed en gewelddadig uitgepluk uit die land wat God aan hom en sy voorvaders gegee het. Toe is ‘n naby familielid en sy vrou skielik albei dood toe hulle dogtertjie nog maar klein was. Mordegai kry die taak om klein Ester groot te maak. Hy het baie lief geword vir hierdie kind. En nou word hy alweer in ‘n krisis gedompel, wanneer die koninklike amptenaar haar kom haal vir die skoonheidskompetisie.

Met gemengde gevoelens laat hy haar gaan. Sy hart is stukkend om haar te verloor! Maar sal dit nie wonderlik wees as sy die uitverkorene is nie? Dan neem Mordegai die besluit: hy gaan agterna. Hy wil gaan kyk wat hulle met sy geliefde dogtertjie aanvang!

Wanneer die taakspan van sewe diensmeisies vir Ester onder hande neem vir haar skoonheidsbehandeling, stap Mordegai op en af voor die paleisdeure, in die hoop om tog net iets van sy kind te hoor.

Wat Mordegai egter nie besef nie, is dat sy meisiekind met ‘n doel van hom weggeskeur is. God het ‘n reuse taak wat vir haar wag. Maar die Here het óók ‘n taak vir Mordegai. Ook hý is met ‘n doel agter haar aangestuur na die paleis, al het hy dit dalk nie so ervaar nie. Hy moes gesprekke hoor, en hy moes sy lojaliteit aan die heidense koning uitleef, want alleen só kon sy volk gered word.

Inderdaad gebruik die Here doodgewone mense om Sy heilige raadsplan uit te voer. Nie konings en moderatore en professore en staatshoofde nie, maar doodgewone mense soos ek en jy. Ester was nie alleen ‘n veragte Israeliet nie, maar boonop ‘n weeskind, en Mordegai ‘n krygsgevangene in ‘n vreemde land. Wat van jou en my?

In die luukse vrouekwartiere in die paleis is die taakspan hard aan die werk om Ester

voor te berei vir die groot dag. Dit sou ‘n volle jaar duur om die meisies gereed te kry, want vir Koning Ahasveros is niks goed genoeg as net die héél beste nie. Sy amptenare het dit sélf vir hom gesê!

Vir die eerste ses maande word Ester behandel met die wonderlike mirre olie met sy vele medisinale gebruike vir ‘n magdom kwale. Dit doen boonop wondere vir ‘n vrou se vel en kan selfs van rekmerke ontslae raak. G’n wonder dat Ester vir ses volle maande daarmee behandel is nie!

Daarna volg ‘n verdere ses maande se behandeling met allerhande skoonheidsmiddels en reukolies. Boonop is al die meisies op ’n streng diëet om hulle soepel te maak en die vel ’n glans te gee. En deurentyd was ou Mordegai pligsgetrou op sy pos by die poort van die koning se paleis.

Dan breek die groot dag uiteindelik aan. Al die mooistes van die mooies is hoopvol dat die eer hulle te beurt sal val, dat Koning Ahasveros van Susan haar as die volgende koningin sou kies. Die meisies kon kies en

keur waarmee hulle die koning wou beïndruk. Hulle kon gebruik maak net waarvan hulle wou.

Wanneer Ester egter die raad vra van die harem opsigter, sê Saäsgas vir haar: “Ester, vergeet al die tierlantyntjies, wees net jouself. Jy is mooi genoeg! Laat net jou innerlike skoonheid uitstraal.”

Uiteindelik kom Ester se beurt, en sy volg Saäsgas se raad. Die skoenlappers baklei wild in haar maag, maar sy hou haar kop hoog en doen alles wat sy geleer is. Soos ‘n ligte briesie sweef sy die troonsaal binne. Die belangrike beamptes snak na hulle asems as hulle die beeldskone meisie so vol selfvertroue en grasie sien binnekom. Die héél belangrikste gebeur egter: sy slaan Koning Ahasveros se voete skoon onder hom uit! Dit is liefde met die eerste oogopslag!

Die huwelik word voltrek en Ester word gekroon as Koningin oor die magtige Persiese Ryk. Dan volg die moeder van alle partytjies, want nou het Ahasveros mos weer rede om ‘n wilde partytjie te gooi, hierdie slag

ter ere van Ester. Só in sy skik is Ahasveros met sy nuwe bruid, dat hy vir almal belastingtoegewings maak en talle geskenke uitdeel.

En deur dit alles, sit ou Mordegai steeds op sy pos in die poort van die koning se paleis. Maar dit sou alles verander wanneer ’n gesprek in daardie selfde poort Mordegai se ore bereik, en hy die koning se lewe kon red. God plaas mense waar hulle nodig is. Hy het vir Ester en Mordegai op presies die regte plek geplaas. Hy plaas ook vir jou en my op presies die regte plek. Wees bedag daarop, en wees gereed vir die dag wanneer die Here jou vir ‘n spesiale taak wil gebruik. En wanneer die dag aanbreek, pak jou taak aan met grasie en selfvertroue soos Ester.

**Gebed:**

**Here, dankie dat U ook vir my ‘n taak het. Gee my asseblief die ywer om dit met grasie uit te voer.**

## Sluipmoordpoging
## Ester 2:20-23

Ester kan nog nie werklik glo dat sy nou die koningin van die magtige Persiese Ryk is nie. Is dit nie alles maar net ‘n droom nie? Binne een enkele jaar het alles verander. Haar armoedige huisie, het sy skielik verruil vir ‘n paleis waar alles in oordadige rykdom en luuksheid gebaai is. Sy het alles wat enige vrou se hart kan begeer, en sy wonder dikwels wat sy dan gedoen het om dit alles te verdien. Maar net wanneer sy haar wil verlekker in al die weelde, onthou sy Pa Mordegai se woorde: “Jy mag nooit vergeet waar jou wortels lê nie!”

En dan is daar die donker geheim wat sy met haar saamdra, dat sy eintlik gladnie deel is van hierdie heidense wêreld met al sy afgode en heidense feeste nie. Sy mag die geheim egter met niemand deel nie, nie eers haar lyfbediendes en vriendinne nie!

Ester se gedagtes is gedurig by Pa Mordegai. Hy het nou al permanent sy intrek geneem in die poort van die koninklike

paleis. Hy is feitlik elke dag daar, en hy verlustig hom aan alles wat daar aangaan. Daar is nie ‘n enkele vervelige oomblik in hierdie besige poort nie. Mordegai hoop om net so af en toe sy meisiekind te siene te kry, en dan swel sy hart van trots. Eintlik het Mordegai so deel van die bedrywighede van die poort geword, dat niemand hulle meer aan hom steur nie, so asof hy gladnie meer bestaan nie. En dit pas Mordegai baie goed, want hoe minder hy met die heidene te doene kry, hoe beter vir hom.

Op ‘n dag merk Mordegai hoedat twee van die poortwagte baie diep in gesprek met mekaar is. Hy kan sommer sien dat iets baie groot die twee rowwe manne pla. Kort-kort is hulle in mekaar se geselskap, en aan die manier wat hulle gesels, is dit baie duidelik dat daar ‘n groot gekonkel is. Waarom kyk hulle so senuweeagtig oor hulle skouers, so asof hulle bang is dat iemand hulle dalk sal hoor? Mordegai ruik ‘n rot!

Ewe ongemerk gaan staan Mordegai binne hoorafstand van die twee, en maak asof

botter nie in sy mond kan smelt nie. Die ene onskuld! Wat hy egter hoor laat hom yskoud word. Mordegai skud sy kop om doodseker te maak dat hy nie verkeerd gehoor het nie. Die twee manne is nou so ernstig in gesprek, dat hulle hom gladnie opmerk nie. Mordegai het reg gehoor! Hierdie twee manne is besig om ‘n sluipmoord te beplan, op niemand anders nie as Koning Ahasveros homself!

Mordegai skrik so groot, dat hy eintlik duiselig voel. Hy bewe behoorlik van skok. “Ek moet die koning gaan waarsku!” Maar hy het ‘n probleem: watter koning sal dan nou luister na ‘n doodgewone ou man wat dag-vir-dag in die poort rond sit? Nee, dit sal nie werk nie! Hulle sal hom sonder seremonie uitsmyt!

Dan skielik gaan daar ‘n liggie vir hom op: “Ester! Sy kan mos die koning gaan waarsku! Ahasveros sal vir haar luister!” Wanneer een van die diensmeisies verbyloop, wink Mordegai haar nader: “Gee asseblief vir Koningin Ester ‘n boodskap. Sê dis van lewensbelang dat sy my baie dringend kom

sien."

Die meisie is eers baie huiwerig om van die ou man 'n boodskap te neem, maar as sy die pleitende kyk in sy oë sien, haas sy haar na die koningin. Ester voel hoe haar knieë lam raak wanneer Pa Mordegai haar die nuus meedeel. "Hoe gaan ek dit aan die koning oordra?" wonder sy. Ester is baie deeglik bewus van al die protokol en rompslomp in die paleis, en dat dit eintlik die amptenare is wat die koning se lewe beheer.

Wanneer Ester die nuus wil oordra, moet sy baie mooi aan die belangrike manne verduidelik dat dit 'n saak van lewe en dood is. Hulle wil nog hierdie kant toe en daardie kant toe, maar Ester sit haar voet neer. As sy nie nóú met die koning praat nie, kan dit dalk sy dood beteken!

Dit is met vrees en bewing dat Ester vir Koning Ahasveros vertel van die komplot om hom te vermoor. 'n Reuse las val van haar skouers af as hy reageer deur sy amptenare te beveel om die saak te ondersoek. Die skuldiges word aangekeer en dan word

bevind dat Mordegai se bewerings die waarheid is. Die sluipmoordenaars word tereggestel.

Mordegai se lojaliteit teenoor die heidense koning wat deels verantwoordelik was vir sy ballingskap, laat ons skaam kry. Dit maak nie saak teen wie ‘n onreg gepleeg word nie, dit bly steeds verkeerd! So maklik wil ons dikwels anderpad kyk as ‘n onreg gepleeg word teen iemand vir wie ons geen liefde het nie. Dis mos sy saak! Dalk verdien hy dit!

Jesus het dit baie duidelik gestel dat ons nie alleen ons vriende of medegelowiges moet liefhê nie, maar ook ons “naaste”, en dit sluit selfs ook ons vyand in. Ja, hy is ook my naaste, al is hy ook al wié.

**Gebed:**

**Here gee vir my ware liefde in my hart - liefde, selfs vir my vyande.**

## Buig voor Haman!
## Ester 3:1-6

Mordegai sit welgeluksalig in sy nuwe tuiste, die paleispoort, al die bedrywighede en gadeslaan. Hier kry hy natuurlik ál die jongste nuus, vars uit die perd se bek. En hy is tevrede, want hier kon hy ook Koning Ahasveros se lewe red deur sy oplettendheid!

Ten spyte daarvan dat Mordegai so nóú verweef is in die bedrywighede in die poort, bly hy steeds baie deeglik bewus van sy herkoms. Hy is en bly immers steeds ‘n Israeliet, en niks kan dit óóit verander nie! En boonop is daar sy Godsdiensoortuiging, hy vertrou vas op die Here, God van Abraham, Isak en Jakob. Die feit dat God toegelaat het dat hy weggevoer word uit sy land, laat hom net vaster klou aan sy geloof. Hy glo dat dit juis te danke was aan sy volk se afvalligheid om agter ander gode aan te loop, dat hulle in ballingskap weggeskeur is uit hulle geliefde vaderland. As almal tog maar net weer wil terugkeer na God, sal hulle weer hulle

vryheid kry. Dit is God se manier om hulle na Hom te trek!

Op ‘n dag bereik die nuus Mordegai se ore, dat die koning beplan om Haman ‘n groot bevordering te gee. Mordegai is sommer vies - hierdie man is ‘n Amalakiet! Vir so ver as wat Israel se geskiedenis terug dateer, is die Amalakiete en die Israeliete aardsvyande. Dit het al begin toe Israel in die woestyn rondgeswerf het, voor die intog in die Beloofde Land. Dáár het die Amalakiete vir die eerste keer al oorlog gemaak teen sy volk. Haman is slegte nuus! Uit en klaar!

Die dag van Haman se bevordering breek aan, en dan verneem Mordegai via die druiwerankie in die poort dat Haman nou hoof is van al die koning se amptenare. Koning Ahasveros was seker in ‘n baie joviale bui, want hy kondig boonop aan dat wanneer Haman verbystap, moet een en elk voor hom kniel en hom eer betoon.

Mordegai is geskok tot in sy siel. Hoe kan hy dan nou voor énigiemand kniel? Dis mos afgods-aanbidding! “Jy mag jou voor hulle

nie neerbuig en hulle nie dien nie....” so het die Here God baie duidelik vir Moses beveel.

“Ek sal nooit as te nimmer voor hom buig nie!” Mordegai is gebelgd. “Die feit dat hy ‘n Amalakiet is, het natuurlik niks daarmee te doen nie! Ek buig voor géén mens nie, alleen voor God!”

Mordegai se gedagtes is skaars koud, dan gebeur die onvermydelike. Met ‘n groot gejuig kom Haman die paleis uitgestap. Almal kniel voor hom, en Haman waai ewe vriendelik vir sy “bewonderaars”.

Mordegai kry ‘n yslike knop op sy maag: “Wat moet ek doen?” Nou is hy in gróót moeilikheid! “Hulle gaan my doodmaak as ek nie buig nie!”

Maar dan onthou hy weer die woorde van die Wet van Moses. Kiertsregop bly hy staan, asof hy ‘n laaistok ingesluk het. Die poortwagte kyk grootoog na Mordegai. Hulle probeer vir hom beduie dat hy moet buig. Maar Mordegai kyk anderpad, asof hy Haman gladnie eers raaksien nie.

Later die dag, wanneer Haman terugkeer na

die paleis, is dit weer sulke tyd. Almal kniel, net nie Mordegai nie. Een van die poortwagte stap ná die tyd na Mordegai toe: “Het jy nie gehoor van die koning se bevel nie?”

“O ja!” sê Mordegai, hy is wel deeglik bewus daarvan, “Maar ek is ‘n Jood, en ons God verbied ons om voor enige mens of god te kniel buiten voor Hom alleen.”

“Jy gaan in gróót moeilikheid kom!”

Dag-vir-dag gaan dit so voort, en Mordegai bly weier om voor Haman te kniel. En dan gebeur die onvermydelike: iemand gaan kla by Haman dat daar ‘n man in die poort is wat weier om aan hom eer te bewys. Haman is woedend! “Wie is hierdie man?” sis hy deur sy tande.

“’n Man met die naam Mordegai. Hy sê dat hy ‘n Jood is en dat.....”

“Ek moes dit geweet het!” gil Haman. “Dit kan maar net ‘n Jood wees wat sulke verfoeilike dinge doen!” Haman is wit van woede. Die eeue-oue haat vir die Joodse volk borrel oor sy lippe: “Ek gaan sorg dat elke Jood op aarde uitgeroei word met wortel en tak!”

Hoe ver is ek en jy bereid om te gaan om vir God op te staan? Ons almal onthou vir Daniël se vriende, Sadrag, Mesag en Abednego wat in die vuur beland het omdat hulle geweier het om voor ‘n ander god te buig. En Daniël het later sélf tussen ‘n spul uitgehongerde leeus beland omdat hy aan God getrou was. Is ons bereid om dieselfde te doen? Die probleem is dat meeste van ons nie eers die moed het om te reageer as God se heilige Naam misbruik word nie. Talle gelowiges heul steeds met die dinge van die duiwel - sterrewiggelary (die sterre voorspel), die oproep van afgestorwenes, die speel van duistere speletjies (glasie-glasie) ens. Dit is niks anders nie as om voor ander gode te buig. Kom ons maak soos Mordegai en neem daardie besluit om vas te staan, kom wat wil!

**Gebed:**

**Here, U is die enigste God - ek sal slegs voor U buig en U dien. Gee my asseblief die krag daartoe om dit met volle oorgawe te doen.**

## Haman se Wraak
## Ester 3:5-15

Haman is woedend wanneer hy verneem dat Mordegai weier om voor hom te buig: “Ek gaan al die Jode uitroei!” gil hy. ‘n Paar jaar tevore het Koning Ahasveros net so woedend reageer toe Koningin Vasti geweier het om voor sy dronk vriende te kom paradeer. Jy sal nog onthou dat die koning se raadgewers hierdie insident opgeblaas het tot ‘n reuse staatskrisis. En nou kom Haman en hy doen presies dieselfde. Een enkele man weier om aan hom eer te bewys, en hy hardloop na die koning en vertel van die verskriklike omvang van die situasie. Die ganse Joodse volk wat verspreid woon oor die koninkryk, weier deur die bank om die koning se bevele te gehoorsaam. Hulle is soos ‘n spul steeks donkies, weier om te meng met al die ander mense, en hulle verskil van almal. Dit is in staatsbelang dat hulle uitgeroei word!

Haman ruk die saak totaal uit verband. Boonop noem hy nie een keer die naam van hierdie “verskriklike gevaarlike” volk voor die

koning nie, en tragies, vra die koning ook nie eers uit wie hulle is nie. As hy gevra het, sou hy sekerlik vir Haman uitgelag het: “Die Israeliete? Ag nee Haman! Hulle is ‘n patetiese spul! Hoe kan hulle nou ‘n bedreiging vir énige samelewing wees?” Maar dit gebeur nie! En met ‘n betoog wat wemel van halwe waarhede en volslae leuens, skilder Haman vir die koning die prentjie van hierdie groot bedreiging.

Dit is so ironies, dat dit juis Potifar se vrou se woede-uitbarsting teenoor Josef was wat hom aanvanklik in die tronk laat beland het, maar indirek het dit veroorsaak dat Josef as eerste minister van Egipte aangestel is. Ahasveros se woede uitbarsting het veroorsaak dat Ester, die Joodse weeskind, koningin van Persië geword het.

Die vraag is: Wat sou Haman se woede uiteindelik vir Mordegai en die Israeliete inhou? Sou dit hulle einde beteken, of sou God weereens ingryp en die man se woede tot Sy volk se voordeel gebruik?

Haman wil dóódseker maak dat Koning

Ahasveros mooi luister na wat hy vir hom sê, dus bied hy aan om 352 ton silwer in die land se skatkis in te betaal. Nee, nie 352 kilogram nie, maar TON! Dit is ’n asemrowende groot som geld! Dit is byna soveel as die jaarlikse inkomste van die staat! Ahasveros luister nie eers verder nie, want al wat sy gierige ogies nou sien is die geklingel van berge geld!

Jare tevore het die Farao vir Josef sy seëlring gegee om te doen wat hy goed vind. Nou gee Koning Ahasveros ook sy seëlring vir Haman om te doen wat hy goed vind. Josef red met sy seëlring (en wysheid) ‘n hele volk van hongersnood. Haman beplan om met sy seëlring (en haat) ‘n hele volk totaal uit te roei.

En so word ‘n volk vir ‘n hoop geld verkoop om geslag te word soos skape!

So ironies, word die Koning van alle konings, Jesus die Christus, Verlosser van die wêreld, God Almagtig ‘n paar honderd jaar later vir slegs ‘n paar ou silwerstukkies verkoop - om geslag te word soos ‘n lam!

Die staatsmasjienerie word aan die gang

gesit. Haman se bevel, natuurlik met volle gesag van die koning, word na al die uithoeke van die Persiese Ryk uitgestuur. ‘n Ganse volk moet totaal uitgeroei word. “Is dit ooit moontlik?” wil ons vra. Maar dan doem die afgryslike werklikheid weer op van die gebeure tydens die tweede wêreldoorlog, toe Hitler presies dieselfde wou doen met daardie sélfde volk. Ses miljoen Jode is uitgeroei!

Wat Haman se bevel nog meer afgryslik maak, is die feit dat hierdie verskriklike slagting op een spesifieke dag gedoen moes word. Op daardie selfde dag moes elke Jood, man, vrou en kind regoor die wêreld doodgemaak word.

En dit alles gebeur terwyl die koning en Haman rustig saam ‘n glasie wyn sit en drink, so asof niks gebeur nie. En steeds is die koning nie eers bewus van die feit dat dit die Joodse volk is wat bedreig word om uitgeroei te word nie. Nou wonder ek net, het die magtige koning Ahasveros ooit einige idee gehad van wat in sy koninkryk aangaan?

Elders in die stad is dit egter nie so rustig soos in die paleis nie. Om die waarheid te sê, is die hele stad in oproer toe hulle hoor van die afgryslike wetgewing. En Mordegai het ook te hore gekom van die verskriklike lot wat hom en sy volk sou tref, én sy lieflingdogter Ester, die koningin van Persië!

En nou sal ons maar moet wag tot more om uit te vind of die Joodse volk sou oorleef of nie!

Sou die Here werklik in staat wees om so ‘n verskriklike ramp te stuit? Is die Here ooit in staat om die Kovid 19 pandemie te stuit? Al wat ek kan sê is dat absoluut niks te groot is vir die Here nie. Sy almag ken géén perke nie. So was dit in daardie tyd, en so is dit steeds vandag. Ons kan vandag steeds op Hom vertrou vir alles. Soos wat ons die hand van God sien in die verhaal van Ester, so sien ons steeds die hand van God in vandag se geskiedenis, as ons maar net ons oë daarvoor wil oopmaak.

**Gebed:**

**Here, ek loof U want vir U is niks te groot**

**nie. U is die Almagtige!**

# Ester se Opdrag

## Ester 4:1-17

Mordegai voel aan dat iets nie pluis is nie. Dan hoor hy dit: die ontstellende berig dat Haman beplan om die ganse Joodse volk met wortel en tak uit te roei!

Mordegai skeur sy klere, gooi as op sy kop en loop al kermend deur die stad. Alles is so verskriklik onregverdig! Hy besef maar ál te deeglik dat dit deur sý toedoen, sý hardkoppigheid is dat Haman hierdie volkslagting beplan. Hy wou maar net doen wat die Here van hom vra. En nou gebeur dit! Met rouklere aan gaan plak Mordegai homself neer voor die poort van die koning se paleis. En daar sit hy! Onbeweeglik!

Die nuus versprei soos 'n veldbrand regdeur die Persiese Ryk. Van Griekeland tot Etiopië en van Egipte tot aan die grens van Indië hoor elke Jood hierdie verskriklike nuus: Op die dertiende dag van die twaalfde maand word elke Jood op aarde uitgeroei. Niemand sal ontsnap nie!

In Koning Ahasveros se paleis is alles egter

baie rustig. Niks sal die bewoners van hierdie luukse gebou ontstel nie. Selfs nietighede soos ‘n volksmoord en ander tragedies bereik nie eers die binnehowe van die paleis nie, want dit is pure beuselagtighede.

Maar dan kom Koningin Ester tóg te hore van ou Mordegai wat in rouklere in die poort sit. As sy navraag doen oor wat met hom fout is, vertel een van die diensmeisies dat die ou man skoon die kluts kwytgeraak het. Hy het deur die strate geloop en tjank met as op sy kop. “Iets moes hom verskriklik ontstel het!” dink sy. “Hy kan mos nie so in rouklere daar sit nie!” Sy stuur saam met een van die diensmeisies vir hom ‘n stel vrolike klere om aan te trek, maar Mordegai weier om dit te aanvaar. Dan besef Ester dat daar iets baie groot fout moet wees. Sy vra een van die paleisbeamptes om te gaan uitvind wat skort met Mordegai.

Wanneer die man terugkom, buig hy diep voor Ester. Hy vertel haar dat Mordegai hom vertel het dat daar beplan word om die ganse Joodse volk uit te roei, en dat Haman die

koning ‘n reuse som geld belowe het om dit deur te voer. Die beampte vroetel in sy klere, en dan haal hy ‘n afskrif van die koninklike proklamasie uit wat Mordegai hom gegee het.

Wanneer Ester die geskrif lees, voel sy hoe die bloed uit haar kop dreineer. Sy voel siek. “Hoe kan ‘n mens so gewetenloos wees!” dink sy.

“Mordegai het gevra dat u na die koning sal gaan en hom om genade gaan smeek, Majesteit.” Die amptenaar dra Mordegai se pleitende boodskap aan Ester oor.

Ester voel magteloos. Ja, sy is nou wel die koningin van Persië, maar steeds is sy maar net ‘n vrou. Hierdie wêreld word beheer, oorheers deur mans! Die koning het ál die mag! Selfs met haar hoë posisie as koningin is sy steeds magteloos. Niemand mag voor die koning verskyn as hy nie die persoon ontbied het nie. Nie eers sy, die koningin, sy eie vrou nie! Vir die afgelope maand het hy haar nog nie laat roep nie. As sy nou ongenooid na hom toe gaan, kan sy nét daar

doodgemaak word.

“Gaan sê vir Mordegai, ek kan dit nie doen nie, ek sal my lewe verloor!”

Wanneer hy terugkeer, is hy baie verleë: “Majesteit, daardie ou man sê dat u nie moet dink dat u sal vrykom net omdat u in die koning se paleis bly nie, want u is ook ‘n Israeliet!” Ester skrik haar spierwit! Die man gaan voort: “Hy sê dat as u nie iets doen nie, en daar kom redding van elders af vir die Jode, dan sal u en u familie uitgeroei word. Hy sê dat hierdie júís die rede is waarom u juis nou koningin geword het, ú moet die volk red!”

Ester bewe van skok as sy die harde woorde van haar geliefde Pappie hoor. Maar dan wéét sy dat hy reg is. Stotterend stuur sy vir Mordegai ‘n boodskap met die amptenaar: “Gaan maak al die Jode in Susan bymekaar. Almal moet vas vir drie dae lank. Ek en my kamerpersoneel sal óók so maak. Daarna sal ek na die koning gaan en met hom praat. As ek moet omkom, moet ek maar omkom.”

Wanneer Mordegai Ester se antwoord kry,

wéét hy dat die Here almagtig is. Natúúrlik is sy lieflingsdogter op die troon geplaas om God se volk te red. So gebruik hy mense, gewone mense, selfs ‘n Joodse weeskind om Sy taak op aarde te verrig.

Om watter rede is jy dáár waar jy is? Wat is jou doel waar jy dalk nou ingeperk sit tydens grendeltyd? Dit is nie maar toevallig dat jy in die posisie is waar jy nou verkeer nie. Die Here het ‘n doel met jou lewe. Dalk het Hy al lankal vir jou gesê wat Hy van jou verwag, maar soos Ester is jy te bang om die taak uit te voer. Moenie wag totdat dit te laat is voordat jy wil begin om God se opdrag uit te voer nie. As jy dit nie doen nie, sal Hy uiteindelik iemand anders kry om dit te doen, soos wat Mordegai vir Ester laat verstaan het. Moenie dat jy later met spyt om vergifnis moet pleit wanneer dit te laat is nie.

**Gebed:**

**Here, U het my hier geplaas met ‘n doel, en U het vir my ‘n opdrag gegee om uit te voer. Gee my asseblief die ywer om dit met volle oorgawe te doen.**

# Ester op die Rooi Tapyt
## Ester 5:1-3

Vir drie dae lank vas en bid die Joodse bevolking in Susan. Drie volle dae eet en drink niemand nie. Almal besef dat hulle lewe in die weegskaal is, en Ester is die enigste persoon wat iets daaromtrent kan doen. "Here, gee asseblief vir Ester die wysheid om hierdie saak reg te hanteer", bid menige Jood daardie drie lang dae. Hulle vas en gebed laat my nogal dink aan Nineve, toe Jona vir hulle vertel het dat die Here hulle sou uitdelg oor hulle sonde. Hulle het hulleself voor God verootmoedig, rouklere aangetrek, gevas en gebid en die Here gesmeek om genade. Nou doen die Jode in Susan presies dieselfde. Sal die Here hulle gebed aanhoor soos wat Hy na die gebed van die Nineviete geluister het?

Ook Ester sonder haarself af, en met vas en gebed berei sy haarself voor vir die belangrikste afspraak van haar lewe, 'n afspraak wat nog nie eers gemaak is nie. Tot dusver was haar lewe as koningin van die

magtige Persiese Ryk een groot fees. Sy is gepamperlang en sy geniet al die eer wat sy ontvang. Almal is gaande oor haar, en al daardie aandag is heerlik. Maar nou skielik begin sy besef dat die wittebrood verby is! Die Here God het haar met ‘n doel hier geplaas, en dit is nie noodwendig sodat sy ‘n koninklike lewe moet hê nie. Met ‘n skok besef sy dat die taak wat die Here vir haar gegee het, hééltemal te groot is vir haarself om te hanteer. “Here, hoe kan ek, eenvoudige meisie, ‘n hele volk van uitwissing red?” smeek Ester. “Die koning is ‘n bitter moeilike mens, hy sal my laat doodmaak as ek ongevraagd by hom opdaag!”

Ester huil drie nagte om. Sy is radeloos! Maar dan, stadig begin daar ‘n idee in haar posvat. Wanneer sy die derde dag baie vroeg opstaan, weet sy presies wat haar te doen staan. Sy roep haar kamerpersoneel bymekaar: “Kom, ons moet dadelik aan die werk spring. Julle moet my mooier grimeer as wat julle dit nog ooit gedoen het. En kry my koninklike klere reg, ek moet vandag die

koning gaan sien."

"U kan dit nie doen nie Majesteit!" pleit hulle. Sy loop haar dood tegemoet! "U is mos nie uitgenooi nie. Die wet sê baie duidelik......."

"Toemaar," stel Ester hulle gerus. "Die Here, my God sal my beskerm. Hy is die Een wat my na Ahasveros toe stuur."

Die voorbereiding vir haar besoek aan Ahasveros voel vir Ester na 'n ewigheid. Alles moet perfek wees wanneer sy daar voor hom gaan staan.

Ester bid baie hard wanneer sy die gang afstap na die ontvangssaal van die koning. Sy sweef die voorhof na die saal binne, en sy lyk asemrowend. Al die koppe draai na haar. Haar knieë wil onder haar knak en sy wil eerder omdraai en weghardloop. Maar dan kom daar 'n heerlike kalmte oor haar wanneer sy regoor die koning gaan staan, fier en regop en met haar ken hoog en vol selfvertroue.

Wanneer Ahasveros nors sy oë lig om te sien wie hom nou so ongevraagd steur, word sy knieë lam, maar nie van vrees nie, pure

bekoring! Hy het al vergeet hoe beeldskoon Ester is. Hy steek sy septer na haar uit om haar binne te nooi. “Wat kan ek vir jou doen Koningin Ester? Vra net wat jy wil, al is dit ook die helfte van my koninkryk, ek sal dit vir jou gee.”

‘n Paar jaar tevore het Koningin Vasti die koning se gesag uitgedaag. Toe sy ontbied is het sy geweier om te kom. Daardeur het sy hom ontmasker, maar sy moes ‘n duur prys daarvoor betaal. Nou kom Ester en daag ook die koning se gesag uit deur ongenooid na hom te gaan. Hierdie kragmeting wen Ester egter met haar skoonheid en bekoring. Die koning is so mak soos ‘n lammetjie!

Ons kom ook soms nes Ester in ‘n situasie waar iets wonderlik met ons gebeur. Dan haal ons maar die skouers op en sê dat die geluk aan ons kant was. Ester moes egter besef dat sy met ‘n baie bepaalde doel in die posisie as koningin geplaas is ter wille van ander mense. Sy móés haar posisie gebruik en diensbaar wees. So verwag die Here ook van my en jou om dit wat Hy ons gee te

gebruik vir die doel wat Hy dit vir ons gegee het.

As Hy my byvoorbeeld ‘n mooi ruim huis gegee het, dan is dit nie maar net sodat ek baie lekker daar kan bly nie. Ek moet gaan sit en besin oor wat die Here werklik wil hê dat ek met die huis moet doen. Is dit nie dalk sodat ek die ruimte beskikbaar kan stel sodat mense daar kan bymekaar kom om te gebruik vir selbyeenkomste of Bybelstudie of iets dergeliks nie? Of as ek rykdom gekry het - is dit bloot sodat ek luuks kan lewe? Of is die doel dalk eerder sodat ek ander kan help wat swaarkry? En as ek goed is met tegnologie, is dit slegs sodat ek ‘n goeie werk kan kry of die tegnologie vir myself aanwend? Of is dit dalk sodat ek my kennis kan gebruik tot uitbreiding van die Koninkryk?

Kom ons besin eerlik oor wat die Here ons gegee het, en hoe Hy wil hê dat ons dit gebruik.

**Gebed:**

**Here, U het vir my talente gegee. Wys my**

**asseblief hoe ek hulle moet gebruik.**

# Ester se Troefkaart
## Ester 5:4-6:12

Ester het die eerste brug suksesvol oorgesteek. Koning Ahasveros se bene het jellie geword toe sy in al haar skoonheid voor hom verskyn. Hy is soos klei in haar hande, het haar self belowe om enigiets vir haar te gee, net wat sy vra!

Maar nou moet sy eers ook vir Haman makmaak voordat sy haar troefkaart kan speel. Ester nooi die koning en Haman saam uit vir ‘n ete. Nou is Ester in volkome beheer van die situasie, en die twee manne eet letterlik uit haar hand uit. Haar sjarme oorweldig hulle. Die wyn vloei en die koning raak al meer vrygewig. Vir ’n tweede keer sê hy vir Ester dat sy maar kan vra net wat sy wil, hy sal dit vir haar gee, al is dit ook die helfte van sy koninkryk. En dan is sy gereed om die finale slag te slaan. Sy nooi weereens die koning en Haman uit vir ’n maaltyd wat sy sal voorberei spesiaal vir hulle die volgende dag. Sy wag haar tyd geduldig af om die laaste vernietigende nekslag toe te dien.

Hierdie uitnodiging slaan Haman se voete skoon onder hom uit. Hy is in die wolke, want hieruit kan net goeie dinge kom! Opgeruimd en vrolik stap hy die paleis uit na sy huis. Maar dan sien hy weer vir Mordegai raak waar hy sit in die poort. Skielik is Haman bitter omgekrap, want weereens weier Mordegai om aan hom eer te bewys. Nou is al die mooi dinge wat in die paleis gebeur sommer bederf. Hy sal iets met Mordegai móét doen! Hy wil nog op Mordegai skree, maar dan kners hy op sy tande, byt sy tong vas en beteuel homself. “Ek moenie nou dinge staan en opmors nie! Sy tyd sal kom, die lae hond!”

Met ‘n swart wolk wat oor sy kop hang, stap Haman die huis binne. Maar dan onthou hy weer van Ester en die koning en die ete afspraak die volgende dag. “Hier word iets baie groot vir my beplan!” sing hy vir homself, die simpele ou Mordegai skoon vergete.

“Loop haal my vriende!” beveel hy ‘n slaaf. “Ons het rede om fees te vier!”

Daar heers groot joligheid in Haman se huis

daardie aand. Propvol van homself spog hy oor alles wat hy in die lewe bereik het, sy asemrowende rykdom, al sy suksesvolle kinders en die manier waarop die koning hom alreeds vereer het. “En dis nie al nie,” spog hy voort, “Koningin Ester het my en die koning genooi vir ‘n spesiale maaltyd. Hy gaan my nog verder vereer!”

Maar dan sak die swart wolk weer oor Haman se kop. “Wat makeer ou man?” wil vroulief Seres weet.

“Dis Mordegai! Daardie Jood vergal my lewe!”

“Maar dis mos maklik,” lag sy vriende, “raak ontslae van hom!”

“’n Galg,” sleeptong een van die manne, “’n drie meter hoë galg!”

“Maak hom sommer drie en twintig meter hoog, dan kan die hele stad hom mos sien hang!”

“Eerste ding môreoggend gaan ons vir Mordegai sy galg bou en hom hang. Dan kan ek my maaltyd saam met Ester geniet!”

Intussen lê Koning Ahasveros en rondrol op sy bed. Daar is iets wat hom pla, maar hy kan net nie sy vinger daarop lê nie. Dan skielik sit hy regop. Hy weet presies wat dit is! Hy bulder die gang af dat hy onmiddellik een van sy amptenare moet sien. Spierwit geskrik en deur die slaap daag een van die manne op. “Wie is dit wat my lewe gered het toe daardie twee lae luise my wou vermoor?” wil hy weet.

Nee, die man weet nie, maar hy sal gou die annale gaan haal sodat hulle kan sien. Minute later is hy terug: “Dit was ‘n man met die naam Mordegai,” word die koning meegedeel.

“Hoe is hy beloon? Watter soort eerbewys het hy gekry? Het hy ooit erkenning gekry vir sy dapperheid?”

Nee, hy het nooit enige beloning gekry nie.

Ahasveros sit nog die oggend vroeg in sy troonsaal toe Haman daar opdaag om te kom reël dat Mordegai opgehang word. “Haman, my vriend, kom binne!” nooi Ahasveros hom vriendelik nader, “Vertel my, wat maak ‘n

mens met iemand wat rêrag groot eer verdien? Wat sou jy sê sou ‘n gepaste manier wees om aan hom eer te bewys?”

Haman glimlag van oor tot oor. Van wie anders kan die koning nou praat as van hom, die wonderlike Haman? “’n Koninklike kleed, natuurlik een wat die koning self aangehad het.” Haman sweef behoorlik, “En ‘n perd, die koning se persoonlike een, met sy embleem op natuurlik. En mense wat voor hom uitloop en sy eer besing!”

“Ek hou van jou voorstel, jy is briljant! Haman, gaan haal daardie ou man in die stadspoort, Mordegai en dan maak ons presies net so met hom soos jy voorgestel het. Hy verdien sulke behandeling!”

Haman wil in die aarde insak! Wat ‘n vernedering! En boonop moet hy sélf vir Mordegai vereer!

Moenie aan iemand anders doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie. Met ander woorde: leef liefde, nie haat nie.

**Gebed:**

**Here, leer my om waarlik U liefde uit te**

**leef en geen haatgedagtes in my om te dra nie.**

## Haman Loop sy Rieme Styf

## Ester 6:10-7:6

Haman se mond val oop as hy hoor dat dit Mordegai is wat vereer moet word, en nie hý nie. “Vat dadelik my koninklike kleed en my persoonlike perd en maak presies soos jy voorgestel het met die Jood Mordegai. Jy moet niks nalaat van wat jy voorgestel het nie!” Koning Ahasveros babbel opgewonde voort terwyl Haman voel hy kan skree van frustrasie! Maar hy durf niks wys nie. Hy mag ook nie eers teëstribbel nie, want hy móét in die koning se goeie boekies bly!

Die grootste vernedering van almal lê egter nog vir hom voor. Haman stoom die paleis uit reguit na Mordegai toe. Mordegai skrik hom byna in ‘n ander geloof in wanneer hierdie baie belangrike man reguit op hom afpeil. “My laaste dag het aangebreek!” wil Mordegai kerm, maar dan, tot sy grootste verbasing kom Haman en hy plaas ‘n koninklike kleed op Mordegai se skouers, nogal Koning Ahasveros se eie persoonlike kleed!

“Klim op!” beveel Haman nors, en dan eers sien Mordegai die perd hier langs hom staan, versier met ‘n pragtige drapering. So mooi het hy nog nooit in sy lewe gesien nie. Die perd trippel trots as Mordegai opklim. Hy voel bitter ongemaklik op hierdie pragtige koninklike pronkstuk, Ahasveros se eie perd!

“Here, wat het ek gedoen om dit te verdien?” huil Mordegai dankbaar terwyl hy met groot fanfare deur die strate van Susan begelei word. “Here God, ek verstaan nie! Eers wil Haman my doodmaak, en nou is hy die voorloper om my te besing voor die hele stad. Ek verstaan gladnie Here!”

Wanneer hulle uiteindelik terug is by die paleis, klim Mordegai van die perd af. “Dankie Haman, ek het werklik nie verdien dat jy.....” Maar Haman draai nors die rug op Mordegai en stap woedend weg sonder om te antwoord of te groet. Nou verstaan Mordegai nog minder. “Wat gaan aan?”

Haman stoom sy huis binne. Almal kan sien dat iets hom verskriklik ontstel het, hy bewe eintlik van woede. “Wat’s fout ou man?”

Vroulief Seres probeer paai, maar Haman is soos ‘n beer met ‘n seer kop.

“So was ek nog nooit in my lewe verneder nie!” brul hy, sy oë twee vuurpoele.

“Wees kalm en kom vertel ons wat gebeur het.” Sy vriende probeer hom kalmeer, sonder sukses.

Dan gaan sit Haman en vertel hulle die hele storie, van hoe hy nog op pad was na die koning om te reël vir Mordegai se teregstelling, toe die koning hom in die rede val en hom aansê om daardie einste Jood, Mordegai te gaan vereer!

“Sulke vermetelheid!” Sy vriende is geskok tot in hulle fondamente toe. “Maar nou het jy ‘n probleem my ou vriend, ‘n baie groot probleem!” Hulle redeneer dat as die koning vir Mordegai so opgehemel het, dan gaan Haman beslis die onderspit delf. Dit is ‘n baie donker prentjie wat hulle vir Haman skilder, nie juis wat hy op hierdie oomblik nodig het nie!

Maar hulle kry nie veel tyd om die tragedie te oordink nie, want op daardie oomblik daag

die paleisbeamptes op om Haman te kom haal vir die groot onthaal wat Koningin Ester gereël het. “Nou moet ek maar weer my ou vrolike gesig opsit, al voel ek dat ek wil moor!”

Koning Ahasveros is vandag weer in ‘n uitbundige bui. Saam met Haman stap hulle Ester se kwartiere binne. Sy het baie spesiale moeite gedoen om alles perfek te maak, en haar asemrowende skoonheid slaan weereens Ahasveros se voete skoon onder hom uit. “Wat kan ek vir jou doen my pragtige bruid? Sê maar net wat jy wil hê, en jy sal dit kry, al is dit ook die helfte van my koninkryk!” Teen hierdie tyd het Ahasveros sy koninkryk al talle kere weggegee!

“Al wat ek vra is dat ek en my volk toegelaat word om te bly lewe. Dit is my wens en my versoek.” ‘n Geskokte stilte sak oor die banketsaal toe. Koning Ahasveros se mond hang oop as hy hierdie skokkende versoek hoor. Wie sal nou sy pragtige bruid wil doodmaak?

“Ek vra dit, want ons, ek en my volk, is

verkoop om voor die voet uitgeroei te word." gaan Ester voort, "Was ons maar net as slawe en slavinne verkoop, sou ek stilgebly het, want dan sou die ramp nie soveel skade aan die koning se belange veroorsaak het nie."

"Wie beplan so 'n skokkende ding?"

Haman is spierwit geskrik as Ester hom reguit in die oë kyk en haar vinger na hom wys.

Wat jy saai, sal jy maai! Haman het haat gesaai, en skielik het dit nou alles teen hom gedraai, en hy is in die grootste nood! Jesus het ons egter geleer om liefde te saai. En nee, dit is nie maar net 'n wet nie, maar dit moet 'n lewenswyse wees. Nie alleen leef jy dan volgens God se wil nie, maar vir jouself maak jy die lewe 'n lied! Dit doen wondere vir jou gemoedstoestand. Boonop ervaar en aanvaar mense jou totaal anders. Die beloning om liefde te leef is baie groot!

**Gebed:**

**Here, ek wil borrelend van liefde en vreugde wees. Dankie dat U dit alles vir**

**my moontlik maak.**

## Haman se Galg
## Ester 7:5-8:2

Ester laat die bom bars, dat daar iemand is wat beplan om haar en haar hele volk uit te roei. Koning Ahasveros hyg geskok: “Wie sou so ‘n verskriklike ding wou doen?” En dan wys Ester die vinger na Haman: “Hy is die een! Hy is daardie lae mens!”

Koning Ahasveros spring ontsteld op van skok en hardloop die nag in, na die paleistuin om eers tot verhaal te kom. “Hoe kón Haman so ‘n gemene ding doen? En dit nogal na alles wat ek vir die man gedoen het? Ek het hom dan vertrou! Ek het hom eerste minister gemaak! Ek het saam met hom aan tafel gesit en eet!”

Wanneer Ahasveros tot ‘n mate afgekoel het, kom hy weer die vertrek binne. Die toneel wat hy daar aantref, skok hom nog verder. Hy sien hoedat Haman hom neergevlei het langs sý beeldskone vrou! “En dan probeer jy háár ook nog aanrand!” Nou is Ahasveros éérs woedend!

Wat Ahasveros daar aangetref het, was

eintlik onskuldig, al wat Haman wou doen, was om by Ester om genade te smeek. Hy het by haar gesoebat dat sy hom nie om die lewe sal bring nie. Vir Ahasveros lyk dit egter na iets héél anders, en as hy vir Haman so langs die koningin, sy pragtige Duifie, sien neerval. dan is die eerste gedagte dat Haman nou vir Ester wil bykom.

“Nogal hier in my eie paleis!” Ahasveros is histeries: “Wagte! Wagte!”

‘n Garnisoen gewapende wagte sak op Haman toe en sleep hom geblinddoek uit die vertrek uit. Ahasveros bewe van woede: “Hoe kon hy.........”

Wanneer alles so naastenby bedaar het en Koning Ahasveros met baie groot moeite gekalmeer is, kom drom sy amptenare en raadgewers om hom. “Ek het gehoor dat Haman beplan het om vanoggend vir ou Mordegai te laat teregstel.” vertel een van die manne.

“Is dit dieselfde ou Jood wat vanoggend op die koning se perd deur die strate gery het?”

“Ja, ek het by een van Haman se vriende

gehoor dat hy ‘n verskriklike hoë galg gebou het vir die arme man. Hulle sê die ding is drie en twintig meter hoog! Dis genoeg om die man te laat sterf van hoogtevrees nog voordat hy gehang is!”

Almal lag vir sy grappie, maar Ahasveros luister nie eers nie, hy is te ontsteld.

“Majesteit....”

“Wat is dit Garbona?” Ahasveros voel nie lus vir praatjies nie.

“Majesteit, Haman het mos daardie galg gebou om Mordegai op te hang. Kom ons hang vir Haman nou aan sy eie galg op sodat hy kan boet vir die verskriklike ding wat hy teen die koningin beplan het.”

Ahasveros kry sommer weer ‘n vonkel in die oog: “Goeie idee, Garbona! Hang die hond! Hang hom aan sy eie galg! Dit sal hom leer!” En dan onthou Ahasveros skielik ‘n baie belangrike ding: “My ring! My seëlring! Daardie luis van ‘n Haman het nog die ring wat ek hom gegee het! Gaan kry dit onmiddellik by Hamman voordat julle die man hang!”

Skielik kry Koning Ahasveros weer ‘n lus vir die lewe: “En gaan haal Koningin Ester vir my, ek het ‘n ding om met haar te bespreek.” Ahasveros sit ‘n rukkie ingedagte, en dan roep hy een van die manne nader: “Gaan haal sommer vir ou Mordegai ook, ek het ‘n sakie om met hom af te handel.”

Vir die tweede keer op een dag word Mordegai ontbied, hierdie slag deur die koning persoonlik! Die eenvoudige ou Jood weet nie veel van paleis protokol af nie, en hy voel maar bitter skaam om met sy eenvoudige ou klere in hierdie weelde in te stap. Wanneer hy met knakkende knieë voor die glorieryke koning kom staan, buig hy diep uit eerbied vir die magtige man. Sy mond hang oop van verwondering vir die oordadige goue en marmer versierings. Eers dán merk hy op dat Ester ook daar is.

“Ester, my lieflike bruid,” koer Ahasveros. Sy woede van so flussies het totaal vermurwe by die blote teenwoordigheid van Ester. “Kom sit hier langs my. Ek het vir jou ‘n geskenkie. Van nou af behoort al Haman se fabelagtige

rykdom aan jou.”

Dan wink Ahasveros vir Mordegai nader: “Hier, vat hierdie, my vriend.” Mordegai sien verstom hoedat die koning sy seëlring aan sy vinger sit. “Dit gee jou die mag om namens Koningin Ester al die eiendom te bestuur wat aan Haman behoort het.”

Mordegai kan nie glo wat hy hoor nie. “Dankie Here!” prewel hy deur sy deurmekaar baard, “Dankie, U is só goed vir my!”

Daardie nag is Mordegai te opgewonde om te slaap. Maar skielik sit hy regop: “My volk!” hyg hy, “My volk is steeds in gevaar om uitgeroei te word, want die koning het nie die bevel teruggetrek nie!” Maar dan gaan lê hy weer met ‘n glimlag op die gesig: “Maar die Here sal voorsien! Hy is getrou, Hy sál voorsien!”

**Gebed:**

**Here, hoe wonderlik is dit noudat ek te alle tye kan weet dat ek op U kan vertrou - U voorsien op presies die regte tyd. h**

## Redding is in Sig

## Ester 8:3-17

Haman is dood, gehang aan sy eie galg. Mordegai se lewe is gered. Maar die einde van die nagmerrie is nog nie eers naastenby verby nie. Mordegai onthou met ‘n skok dat die proklamasie van die koning, dat alle Jode op die dertiende van die twaalfde maand uitgeroei moet word. Enige persoon wat op daardie dag ‘n Jood raakloop, kan hom summier, net daar en dan doodmaak. Dit was ‘n reuse taak om die boodskap tot aan die verste uithoeke van die aarde deur te gee. Dit is oor afstande van baie duisende kilometer te voet of te perd afgelewer in ‘n magdom verskillende tale.

Mordegai laat roep vir Ester, hy is in groot nood. “Daar is net ‘n paar maande tyd, en ons sal moet vinnig speel as ons hierdie opdrag wil stop. Maar héél eerste moet jy na die koning gaan en vir hom verduidelik wat ons dilemma is, en vra dat hy die dekreet stop.”

Ester sien al hoe word miljoene Jode regoor

die wêreld uitgeroei soos diere, ook vrouens en onskuldige kindertjies. Sy huil haarself aan die slaap. Die volgende oggend vroeg gaan sy weer na Koning Ahasveros. Hierdie slag is sy nie eers bang vir die gevolge nie, en sy loop reguit na hom toe en gaan kniel voor hom neer. Nou stroom die trane oor haar wange wanneer sy hom om genade smeek vir haar volk. "Asseblief my dierbare Koning, maak tog Haman se bose plan ongedaan. Skryf asseblief briewe dat die onsinnige slagting van my volk stopgesit word. Hoe sou ek kon toekyk dat my volk deur so 'n ramp getref word? Hoe sou ek kon toekyk dat my familie uitgeroei word?"

Koning Ahasveros voel bitter jammer vir Ester. Maar daar is 'n probleempie - wat geskryf is, is geskryf! Die wet van die Meders en Perse bepaal dat wanneer die koning 'n dekreet uitvaardig, dan is dit onherroepbaar, al is dit ook hóé onsinnig, en nie eers die magtige Koning Ahasveros kan dit verander nie. Ahasveros skud sy kop meewarig.

Skielik, vir die eerste keer in sy lewe, dink hy

iets sélf uit sonder om eers sy raadgewers in te roep. “Ester, ek het mos vir Mordegai my seëlring gegee. Ek gee jou vandag toestemming dat julle ‘n brief kan skryf aan die Jode in my naam. Skryf net wat julle wil, en verseël dit met my ring, en dit sal gesien word as ‘n onveranderlike proklamasie van die koning, iets wat nie herroep kan word nie. Julle kan maar my eie skrywers gebruik om julle te help daarmee.”

Ester is in die wolke wanneer sy vir Mordegai die goeie nuus vertel. En dan begin die reuse taak, ‘n taak wat menslik byna onmoontlik lyk. Die Persiese Ryk bestaan uit honderd sewe en twintig provinsies wat ‘n babelse verwarring van tale praat, uitgestrek oor ‘n gebied van byna seweduisend kilometer van die een punt na die ander. Hoe gaan hulle betyds hulle boodskap na al hierdie mense toe kry?

Die koning se dekreet het gelui dat enige persoon enige Jood kon doodmaak as hy hom teëkom op daardie swart dag. Mordegai se brief bemagtig enige Jood om homself op

daardie dag te kan verdedig met alles tot sy beskikking, en enigeen wat hom leed wil aandoen kan hy doodmaak, en dan kan hy boonop nog op daardie persoon se besittings beslag lê. Hierdie brief word vertaal in elke denkbare taal, en dan word dit versprei na elke uithoek van die koninkryk. Die koning stel sy volbloed resiesperde tot beskikking van die boodskappers sodat die boodskap betyds elke bestemming kan bereik, tot in Griekeland, Etiopië en die grense van Indië.

Die menslik-onmoontlike taak kry gestalte, en dan staan Mordegai uit as ‘n uitmuntende organiseerder wat ‘n reuse taak met vlieënde vaandels afhandel.

Mordegai se goeie werk gaan nie ongesiens verby nie, en weldra kry hy dan ook ‘n aanstelling in ‘n baie hoë pos in diens van die koning. Hy kry ‘n koninklike kleed van blou en wit linne met ‘n groot goue kroon op, en ‘n pers mantel om te wys dat hy ‘n baie waardige man is.

In die stad Susan word daar groot fees gevier wanneer die inwoners die goeie nuus

hoor. Daar is weer ‘n lig voor in die donker tonnel vir die Jode.

Soms lyk dinge vir ons pikswart en totaal verlore. Dit lyk onmoontlik dat dit ooit weer sal regkom. Dit voel asof grendeltyd vir ewig gaan aanhou en die dodelike virus geen keer het nie, maar net voortwoed! Maar dan bring die Here vir ons uitkoms, dikwels uit ‘n totaal onverwagse oord. Dit beteken nie dat ons nou maar kan terugsit en kyk hoedat God die wonder verrig nie. God doen gewoonlik wonderwerke deur van mense gebruik te maak, mense wat dikwels nodig het om skouer aan die wiel te sit en baie hard te werk.

Inderdaad moet ons bereid wees om die hande uit die moue te steek wanneer die Here die dag van ons vra om ‘n reuse taak te verrig. Die troos is dat die Heilige Gees altyd daar is om ons die wysheid en krag te gee, as ons maar net bereid is om te doen wat Hy vra.

Gebed:

Here, ek loof en prys U, want die

onmoontlike kan U vermag, en wanneer alles vir ons totaal hopeloos lyk, kan U steeds uitkoms gee.

# Van Vrees na Vreugde
## Ester 9 en 10

In die vestingstad Susan heers daar groot vreugde onder die Joodse bevolking. Dit het pas bekend geword dat Mordegai en Ester die koning oorreed het om die Jode te red. Die dekreet word nou wel nie herroep nie, maar nou mag die Jode hulleself verdedig. Soos wat die berig al verder en verder versprei na ander stede en provinsies, brand die vreugdevure hoog. Dit jubel en dans en sing en maak musiek, want die groot oordeel is iets van die verlede.

Mordegai was dalk eers ‘n bietjie bekommerd oor die uitkoms van alles, want die Jode is maar ‘n bitter klein minderheid in vergelyking met die ander magtige volke van die wêreld. Maar dan merk hy in Susan iets van vrees in die oë van die ander mense wanneer hulle ‘n Jood sien - so asof die Jode vir hulle net onoorwinlik lyk. Mordegai glimlag, hy verstaan maar ál te goed. Eintlik gaan dit gladnie oor die feit dat hulle Jode is wat die mense vir hulle bang maak nie. Die ware

rede is die God wat hulle aanbid! Ja waarlik, God is baie, baie groter as enige van die heidense afgode, en dit boesem vrees by die mense in. Hulle het al die verhale gehoor van hoe hierdie God van die Jode wondere kan doen. Die stad Jerigo se mure wat bloot verkrummel het toe God die bevel gee. Die Rietsee en die Jordaan in vol vloed wat voor die Isrealiete oopgekloof het, is genoeg om enigeen die bewerasies te gee. Hierdie God is magtig!

En dan begin daar ‘n onverklaarbare ding gebeur: een-vir-een begin die heidene hulle te bekeer tot die Joodse geloof. “As ons wil bly lewe, dan moet ons Jode word! Dan sal ons ook die God van Israel moet begin aanbid!”

Intussen word Mordegai aangestel as tweede in bevel onder die koning. Van ‘n doodgewone ou Jood wat sy dae omsit in die poorte van die paleis tot die magsposisie van tweede in bevel in die Persiese Ryk. Van iemand wat so ampertjies aan die galgtou geswaai het, tot regeerder in die magtige

Persiese koninkryk. En hy het dit nie bereik met ‘n groot geldmag of omdat hy verskriklik invloedryk is of omdat hy magtige veldslae gewen het nie. Nie eers omdat hy so slim is nie! Hy het daar gekom omdat God hom daar wou hê, en hom daar geplaas het!

Die verskriklike dag van die dertiende van die twaalfde maand kom stadig nadergesluip. Dag-vir-dag loop die spanning al hoër en hoër. Gaan die handjievol Jode oorleef in hierdie stryd? Al hoe meer begin die amptenare in hoë posisies besef dat hulle hier te doene het met ‘n magtige man in Mordegai. Hulle raak bang vir die kêrel wat so blitsvinnig op totaal onverklaarbare wyse so hoog uitgestyg het bo al die ander wat al baie jare hard werk om iewers in die lewe te kom. Eerder as om hom teen te staan, besluit hulle om vir Mordegai en die Jode te steun. Hulle wil nie in sy verkeerde boekies kom nie!

Dan breek die fatale dag aan. Ten spyte van alles, is daar tóg talle mense wat hulle kans waarneem om die Jode aan te vat. Hulle

besef egter baie gou, hééltemal te laat, dat hulle met Iemand baie groter as die Jode te doen het. Regdeur die koninkryk sterf daar daardie dag baie duisende mense wat hulle aanval op die Jode geloots het. Vyf en sewentig duisend mense sneuwel op daardie dag omdat hulle hulle hand teen die Almagtige God probeer lig het. Vir die Jode brand die vreugdevure egter hoog, want God het hulle van totale uitwissing gered!

Ons wil terugdeins wanneer ons die laaste hoofstukke in die boek Ester lees, want hierin sien ons hoedat die Jode aangesê word om hulle vyande almal voor die voet dood te maak. Ons moet egter hierdie gedeelte in sy konteks lees om die totale prentjie te kry.

Jy sal onthou dat Haman die proklamasie laat uitvaardig het waarin al die Jode regoor die Persiese Ryk uitgeroei moet word - mans, vrouens en kinders. Die Jode het hulleself maar net verdedig.

Die Purimfees gedenk die dag van verlossing vir die Jode. Die dag wat tragies deur die lot bepaal is om die ondergang van die Jode te

word, word ‘n feesdag as ‘n getuienis van God se werk. Dit het begin met vas, gebed en verootmoediging toe die verskriklike lot bekend word, en dit eindig in vrolikheid en vreugde. Dit gaan nie oor die oorwinning wat hulle behaal het nie, maar oor God wat alles verander het.

Op dieselfde wyse was daar groot vrees in my eie hart oor die verwoestende mag wat die duiwel oor my lewe gehad het. Nee, ek het hom nie oorwin nie, maar dit is God wat hom vir my oorwin het en my ware vryheid en vrede gegee het toe ek die dag Jesus se geskenk van die ewige lewe aanvaar het.

Die vraag is, of jy al daardie oorwinning behaal het? Om ook deel te kan wees van die skare van verlostes, kos slegs ‘n enkele “Ja!” vir Jesus wat klop aan die deur van jou hart!

**Gebed:**

**Here, dankie vir die wonderlike verhaal van Ester, en alles wat ek daaruit kon leer. Dankie dat U daardie ou, ou verhaal vandag weer vars en nuut maak sodat ons**

**vandag steeds geestelike kos daaruit kan kry.**

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.
Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE

zapper™